Hoofstuk 103

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Hierdie hoofstuk definieer die volledige lewenswyse waartoe elke Moslem opgeroep word: om die goeie te bevorder en die verkeerde te verbied

1. Ek sweer by die Tyd,

2. dat die mens inderdaad in 'n staat van verlies is,

3. behalwe vir diegene wat eerstens hulself verbeter het en tweedens ander aangemoedig het tot selfverbetering. Selfverbetering behels om in die regte geloof, te **glo** en **goeie dade** te doen terwyl aanmoediging tot verbetering behels om mekaar effektief aan te moedig tot die **waarheid** en tot **geduld.** Die waarheid bedoel die verbetering van die kennis van Moslems en hul intellektuele ontwikkeling en sluit in die geloofsartikels van Islam terwyl geduld bedoel die verbetering van die praktiese lewe van Moslems synde 'n gedissiplineerde wag op Allah, terwyl jy fokus op goeie dade en weerhouding van die sonde.

Hierdie is die enigste weg tot verlossing in beide hierdie wêreld en in die komende

Hoofstuk 104

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Waarskuwing teen die verskriklike einde van diegene wat die volgende drie afstootlike sondes pleeg: Rugstekery, Bespotting en Hebsug

1. Rampe en ellende sal diegene tref wat slegte en lelike dinge van of vir ander sê...: of dit nou agteraf of in hulle gesigte is, dit gee moreel en sosiaal aanstoot. Dit is 'n groot sonde om ander agteraf te belaster, in die rug te steek en hul karakter te skend deur sleg van hulle te praat wanneer hulle nie kan hoor nie maar dit is net so 'n groot sonde om iemand in die gesig uit te lag, te bespot en lasterlike dinge toe te snou, te beledig of te beskuldig: skuldig of onskuldig,

2. ...en wat gulsig en selfsugtig rykdom bymekaar maak en homself so besig hou met die berekening daarvan en die beplanning van hoe om nog meer geld te maak dat hy nalaat om sy vepligtinge na te kom, vasgevang raak in trots en arrogansie en sy godsdienstige verpligtinge vergeet.

3. Hy dink sy rykdom het hom verewig: dat hy veilig en vir ewig sal lewe.

4. Nooit: wat 'n ontnugtering wag op hom! Hy sal sekerlik in die Vergruiser gegooi word.

5. En wat sal jou laat verstaan wat die Vergruiser is?

6. Die Vergruiser wat verbrysel en verpletter, soos die destruktiewe effek van rugstekery, bespotting en hebsug op sosiale samehorigheid en wedersydse vertroue, is die Vuur van Straf wat Allah tot 'n verterende Vlam maak brand,

7. en wat tot in die harte van sulke mense sal brand en hulle sal uitsluit van die liefde, toegeneëndheid, medelye en liefdadigheid van hul medemens, asook van die hart se begrip en itelligente waardering van dinge.

8. Hulle sal in die Vuur toegemaak word sodat hulle daarvan nie kan ontsnap nie,

9. in hulle hordes en uitgestrekte rye en rye.